



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2021**

**VRYSTAAT**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 40**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

## NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**VERHAAL A: "MY BROER SE KRAAI" – Chris Barnard**

| <b>VRAAG</b> | <b>ANTWOORD</b>  | <b>PUNT</b>      |
|--------------|--|------------------|
| 1.1          | (In die) veld  | 1                |
| 1.2          | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy een vlerk het seergekry/was beseer. <i>Aanvaar nie vlek – spelfout verander betekenis van woord</i></li> <li>• Die kraai was honger.</li> <li>• Die kraai was half verkleum/half dood. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>  | 1                |
| 1.3.1        | Die kraai te los/te laat gaan/vry te laat. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>   | 1                |
| 1.3.2        | Die kraai ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• wou nie in die hok wees nie.</li> <li>• het homself seergemaak/kruppel geloop.</li> <li>• het op en af in die hok gestap.</li> <li>• was kwaai/venynig.</li> <li>• was nie meer mooi om na te kyk nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>                 | 1                |
| 1.4          | Die kraai het ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• op die draad afgestorm.</li> <li>• gepik/geskop/geblaas/geraas. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>  | 1                |
| 1.5          | A/lief was vir   | 1                |
| 1.6.1        | E/Die broer wou nie 'n papegaai gehad het nie.   | 1                |
| 1.6.2        | A/Die gesin het die hele tyd aan die kraai gedink.   | 1                |
| 1.6.3        | D/Die kraai het die broer so gekrap dat hy hom in die hok teruggesit het.  | 1                |
| 1.6.4        | C/Die broer het nie weer by die hok gekom nie.   | 1                |
| 1.7          | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die verteller se broer het die kraai uit die hok gehaal.</li> <li>• Die kraai het tussen die bome weggevlieg.</li> <li>• Na drie dae het die kraai self teruggekom.</li> <li>• Die kraai het uiteindelik aan die broer behoort.</li> </ul>  | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.8          | Die kraai ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• wou terugkom.</li> <li>• was lief vir die broer.</li> <li>• het geweet hy gaan kos kry (by die broer se huis)/was honger/het die hok en die kos onthou.</li> <li>• het geweet waar hy bly.</li> <li>• het vry gevoel. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul> | 2                |

|       |  |   |
|-------|--|---|
| 1.9.1 | 'n mens nie jou keuse op ander kan afdwing nie   | 1 |
| 1.9.2 | <ul style="list-style-type: none"> <li>Terwyl die broer die kraai in die hok aangehou het, was die kraai ongelukkig.</li> <li>Nadat die broer die kraai losgelaat het, het die kraai self teruggekom.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br/>(Die antwoord op Vraag 1.9.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.9.2 te verdien.)</li> </ul>  | 1 |
| 1.10  | <p>Die broer se optrede leer vir die leser dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>jy nie net aan jouself moet dink nie.</li> <li>jy jou foute moet regstel.</li> <li>liefde nie afgedwing kan word nie.</li> <li>wanneer 'n mens lief is vir iets, moet jy dit laat gaan (as dit terugkom, is dit joune).</li> <li>jy nie wilde voëls in 'n hok mag sit nie.</li> <li>wilde voëls self hulle kos moet soek.<br/>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> | 2 |

**VERHAAL B: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H. de Vries**

| VRAAG  | ANTWOORD  | PUNT |
|--------|---|------|
| 1.11   | <ul style="list-style-type: none"> <li>(In die) hotel</li> <li>Kamer nommer elf in die hotel<br/>(Enige EEN)</li> </ul> | 1    |
| 1.12.1 | baard   | 1    |
| 1.12.2 | gedrink/drank/alkohol/bier/drink  | 1    |
| 1.12.3 | rugby/veld/wedstryd<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde)   | 1    |
| 1.12.4 | Barrydale   | 1    |
| 1.13   | C/baie goed gespeel het.  | 1    |
| 1.14.1 | E/Rooikoos en die Barrydalers wou mekaar slaan.   | 1    |
| 1.14.2 | D/Die Barrydalers het besluit om Rooikoos uit te los en het die kantien verlaat.  | 1    |
| 1.14.3 | A/Barrydale se span het nie die wedstryd gewen nie.   | 1    |
| 1.14.4 | C/Die Barrydalers het Rooikoos se hare gekleur en sy baard afgeskeer.   | 1    |
| 1.15.1 | verbaas   | 1    |
| 1.15.2 | Rooikoos het nie die kelner geken nie.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde)  | 1    |

|        |  |           |
|--------|--|-----------|
| 1.16   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Jan</li> <li>• 'n Skoonmaker (van die hotel)</li> <li>• 'n hotelwerker</li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>  | 1         |
| 1.17   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• hy nie geweet het wie hy is nie.</li> <li>• hy homself nie herken het nie.</li> <li>• Jan/iemand wel vir Rooikoos Willemse geken het.</li> <li>• daar niemand was met wie hy kon praat nie.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>   | 1         |
| 1.18.1 | bly  | 1         |
| 1.18.2 | <p>Die Barrydalers het Rooikoos ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• net gestraf/'n les geleer.</li> <li>• nie (dronk) op straat gelos nie.</li> <li>• nie seergemaak/in gevaar gestel nie.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 1.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.18.2 te verdien.)</i></p>   | 1         |
| 1.19.1 | die einde van  | 1         |
| 1.19.2 | <p>Aan die einde van die verhaal ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• het Rooikoos na homself gesoek.</li> <li>• het Rooikoos gewonder wie hy is.</li> <li>• was Rooikoos nie seker wie hy is nie.</li> <li>• was Rooikoos nie fisies in sy hotelkamer nie.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 1.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.19.2 te verdien.)</i></p>   | 1         |
| 1.20   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ons leer Rooikoos reg van die begin af ken./Die verteller sê vir ons watter soort persoon Rooikoos is.</li> <li>• Rooikoos word beskryf.</li> <li>• Rooikoos is deel van die hele verhaal./Hy is die hoofkarakter.</li> <li>• Ons weet nie veel van die ander karakters af nie.</li> </ul> <p>Aanvaar ook as die kandidaat <b>voorbeelde</b> van bg. noem, bv.:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die leser weet wat Rooikoos se swak punte is.</li> <li>• Die leser weet wat drank in sy lewe veroorsaak het.</li> <li>• Hy was 'n kwaaddoener/hy het ander mense gevloek.</li> <li>• Rooikoos het nie goeie maniere gehad wanneer hy dronk was nie.</li> </ul> <p><i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p> | 2         |
|        |  | <b>40</b> |

**VRAAG 2****VERHAAL C: "LEUENS" – CM van den Heever**

| <b>VRAAG</b> | <b>ANTWOORD</b>   | <b>PUNT</b>      |
|--------------|---|------------------|
| 2.1          | Sy het 'n rok gaan soek/wou 'n rok koop.<br><i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i>   | 1                |
| 2.2.1        | (Hulle was saam) op skool/kosskool.<br><i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i>  | 1                |
| 2.2.2        | Hulle het mekaar tien jaar terug laas gesien/lanklaas gesien.<br><i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i>  | 1                |
| 2.3          | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Naomi en Olga het mekaar in die stad raakgeloop.</li> <li>• Olga het vir Naomi genooi om by haar huis te gaan kuier.</li> <li>• Naomi het gesukkel om vir haarself 'n rok te maak.</li> <li>• Naomi het met die bus na Olga se huis in Saxonwold gery.</li> </ul>  | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 2.4          | Olga ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• het net die lewe geniet.</li> <li>• het nie met die lewe gedweep nie.</li> <li>• het nie baie van die lewe verwag nie.</li> <li>• het nie baie drome/ideale vir haar lewe gehad nie.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>   | 1                |
| 2.5          | Sy het gesê dat ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• haar man 'n sakeman is.</li> <li>• sy in Westcliff gewoon het.</li> <li>• sy graag by die ryk vroue se klub wat armes help, sou aansluit.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>   | 1                |
| 2.6          | D/geskok  | 1                |
| 2.7          | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy het haar seuntjie gesoen/gedruk voordat sy uit die huis gegaan het.</li> <li>• Sy wou haar seuntjie graag fyn opvoed/in 'n goeie omgewing laat grootword.</li> <li>• Sy was bekommerd oor die slegte taal wat hy reeds aangeleer het.</li> <li>• Sy sou sonder mooi klere klaarkom om haar kind te versorg.</li> </ul> <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i> | 2                |
| 2.8.1        | B/Naomi het gewens sy kon beter speelgoed vir haar kind gee.  | 1                |
| 2.8.2        | C/Naomi het geweet dat haar vriendskap met Olga nooit weer dieselfde sou wees nie.  | 1                |
| 2.8.3        | E/Olga het agtergekem Naomi bly nie in die huis waar sy haar afgelaai het nie.  | 1                |
| 2.8.4        | D/Olga het vir Naomi gevra om saam met haar vir arm gesinne te sorg.  | 1                |

|       |   |   |
|-------|---|---|
| 2.9.1 | leuens vriendskap kan vernietig   | 1 |
| 2.9.2 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Naomi het vir Olga gejok en sou nie weer met haar kontak maak nie.</li> <li>• Olga het uitgevind van Naomi se leuens en sou haar nie weer vertrou nie.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 2.9.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.9.2 te verdien.)</i> | 1 |
| 2.10  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• As jy groot is, kan jou omstandighede verander.</li> <li>• As jy groot is, moet jy keuses maak (en dit kan bepaal of jy gaan geld hê of nie).</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>   | 2 |

**VERHAAL D: "OPGANG" – Ina Rousseau**

| VRAAG  | ANTWOORD   | PUNT |
|--------|--|------|
| 2.11   | (In die) sitkamer  | 1    |
| 2.12.1 | net Hanneltjie   | 1    |
| 2.12.2 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy was bang die kinders bebodder/breek die naaimasjien.</li> <li>• Die naaimasjien was duur/hy gaan 'n jaar lank afbetaal.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> | 1    |
| 2.13   | hy 'n jaar gehad het om dit af te betaal.<br><i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i>   | 1    |
| 2.14   | (Die/hulle) kinders  | 1    |
| 2.15.1 | D/Hanneltjie moes Lot se masjien gebruik as sy naaldwerk wou doen.   | 1    |
| 2.15.2 | A/Hanneltjie het beplan watter mooi klere sy vir haar en die kinders sou maak.   | 1    |
| 2.15.3 | E/Hanneltjie se vriendinne kon nie uitgepraat raak oor die nuwe masjien nie.   | 1    |
| 2.15.4 | B/Lot was nou nie meer beter as Hanneltjie nie.  | 1    |
| 2.16.1 | Welgemoed  | 1    |
| 2.16.2 | hemde  | 1    |
| 2.16.3 | voetjie  | 1    |
| 2.16.4 | Lot  | 1    |
| 2.17   | C/elke ordentlike vrou 'n naaimasjien behoort te hê.   | 1    |

|                |  |           |
|----------------|--|-----------|
| 2.18.1         | einde  | 1         |
| 2.18.2         | <ul style="list-style-type: none"> <li>Die naaimasjien het van Hanneltjie 'n gerespekteerde vrou/vrou van aansien gemaak.</li> <li>Die naaimasjien het Hanneltjie selfvertroue gegee.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 2.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.18.2 te verdien.)</li> </ul>   | 1         |
| 2.19           | <ul style="list-style-type: none"> <li>Ons leer Hanneltjie ken as iemand wat aan die begin van die verhaal bedees en verleë was.</li> <li>Hanneltjie word beskryf/Die verteller sê vir ons watter soort persoon Hanneltjie is.</li> <li>Hanneltjie is deel van die hele verhaal./Sy is die hoofkarakter.</li> <li>Ons weet deur die hele verhaal wat Hanneltjie dink.</li> <li>Ons weet deur die hele verhaal wat Hanneltjie doen.<br/>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>  | 2         |
| 2.20.1         | goed   | 1         |
| 2.20.2         | <ul style="list-style-type: none"> <li>Hanneltjie het Lot behandel soos Lot haar altyd behandel het.</li> <li>Lot het net aangeneem dat sy Hanneltjie se nuwe naaimasjien mag gebruik.</li> <li>Lot het voorgegee dat sy vir ander mense omgee.</li> <li>Lot was altyd teësinig om Hanneltjie te help/het Hanneltjie laat voel sy doen haar 'n guns/ongemaklik laat voel.</li> <li>Lot het lelike goed vir Hanneltjie gesê/gesê 'n vrou sonder 'n naaimasjien is 'n onding/gesê Hanneltjie misbruik haar/gesê Hanneltjie-hulle is sukkelaars.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 2.20.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.20.2 te verdien.)</li> </ul> | 1         |
| <b>TOTAAL:</b> |  | <b>40</b> |



**VRAAG 3: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

| VRAAG | ANTWOORD  | PUNT             |
|-------|---|------------------|
| 3.1   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• (Sy is die) eienaar/baas.</li> <li>• Dit is haar perdeskool./Sy is in beheer.</li> <li>• Sy is die hoof/bestuurder van die perdeskool.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>   | 1                |
| 3.2.1 | (Mevrou) Bekker   | 1                |
| 3.2.2 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• 3 maande</li> <li>• 100 uur<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>  | 1                |
| 3.3   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy moes (vars/nuwe) strooi/gras gaan haal/in die stalle sit.</li> <li>• Hy moes die perde se hoewe skoonmaak.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>  | 1                |
| 3.4   | A/streng  | 1                |
| 3.5   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hulle het met 'n gaar/ou bakkie gery/'n ou bakkie gebruik.</li> <li>• (Wilma het gesê dat) die De Beers/hulle sukkel.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat mag nie net sê dat die De Beers arm was nie. Daar moet bewys wees dat hulle nie ryk was nie.)</li> </ul>  | 1                |
| 3.6   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Wilma het vir Lucky gesê om die stalle uit te hark.</li> <li>• Lucky het vir Wilma gesê hy is nie daar om die vuil werk te doen nie.</li> <li>• Wilma wou hê Lucky moes die perdeskool verlaat.</li> <li>• Lucky het die hooivurk gevat en begin werk.</li> </ul>  | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 3.7   | <p>Lucky ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• het nie van ryk mense gehou nie/was kwaad vir almal wat ryk was/het ryk mense gehaat/was negatief (teenoor ryk mense).</li> <li>• het gedink ryk mense is almal sleg/varke/rotte.</li> <li>• het gedink ryk mense gee nie om vir arm mense nie/is selfsugtig.</li> <li>• het geen respek vir ryk mense gehad nie.<br/>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar enige TWEE antwoorde wat daarop dui dat Lucky negatief voel teenoor ryk mense. Ons aanvaar nie direkte woorde uit die teks nie.)</li> </ul> | 2                |
| 3.8.1 | B/Wilma moes Lucky waarsku om nie vir Binki te boelie nie.  | 1                |
| 3.8.2 | E/Wilma het gesê dat Lucky nie kos gaan kry voor al die vuil strooi op die hoop is nie.   | 1                |
| 3.8.3 | A/Lucky het besef dat daar ander kinders is wat ook swaarkry.   | 1                |
| 3.8.4 | D/Lucky het besef dat hy sy ma se tyd en liefde moes waardeer.  | 1                |
| 3.9.1 | kwaad   | 1                |

|        |  |   |
|--------|--|---|
| 3.9.2  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is verkeerd om iemand te spot/te boelie/vir iemand byname te noem/vir iemand wat bang is, te lag.</li> <li>• Dit is nie snaaks wanneer iemand flou val nie.</li> <li>• Lucky lag.</li> <li>• Lucky lag vir Binki (want sy is bang vir Lady Jane)/boelie Binki/spot haar.</li> <li>• Lucky terg Binki oor haar naam/noem haar "Beentjie".<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 3.9.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 3.9.2 te verdien. Die kandidaat hoef nie te sê dat dit verkeerd is om .... nie.)</li> </ul>   | 1 |
| 3.10.1 | verkeerd is om te stereotipeer   | 1 |
| 3.10.2 | <p>Dis verkeerd om te stereotipeer, want ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n mens moet iemand anders eers leer ken, voordat jy 'n opinie oor hom/haar uitspreek.</li> <li>• jy weet nie wat in ander se lewens gebeur nie.</li> <li>• mense is nie almal dieselfde nie/jy moet ander respekteer al is hulle anders as jy.</li> </ul> <p>Aanvaar ook <b>voorbeelde</b> van Lucky se stereotipering, bv.:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky dink alle ryk mense gee meer om vir diere as vir arm mense.</li> <li>• Lucky dink alle wit mense is ryk.</li> <li>• Lucky dink wit mense het nie probleme nie.</li> <li>• Lucky dink alle ryk mense is sleg.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar nie aanhalings nie.)</li> </ul> | 1 |
| 3.11.1 | <p>Gedrink/drank/alkohol/bier gedrink/gesuip/drink/dronk<br/>(Alhoewel "drink", "drank" en "dronk" nie in sinsverband pas nie, sal ons dit aanvaar, want dit dui op kennis van die inhoud.)</p>  | 1 |
| 3.11.2 | Grace  | 1 |
| 3.11.3 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• been/bien/voet/enkel</li> <li>• poot/voorpoot/poet<br/>(Aanvaar spelfout, indien dit nie Engels is of die betekenis heeltemal verander nie.)</li> </ul>   | 1 |
| 3.11.4 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Jammer/spyt/hartseer/skaam/verleë</li> </ul>  | 1 |
| 3.12   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het klein katjies verdrink/diere mishandel/doodgemaak.</li> <li>• Hy het die katte in die dam gegooi.</li> <li>• Lucky wou die perde/Kaizer seermaak.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>  | 1 |
| 3.13   | <p>Lucky was kwaad omdat...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• sy ma se werkgewers haar min betaal het.</li> <li>• sy ma se werkgewers meer vir die katte betaal/verdien het as wat sy ma verdien het.</li> <li>• sy ma so moes sukkel/swaargekry het.</li> <li>• hy gedink het ryk mense gee meer om vir diere as vir arm mense.<br/>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. lewers in die antwoord moet daar 'n gebeurlikheid wees.)</li> </ul>   | 1 |

|        |  |   |
|--------|--|---|
| 3.14.1 | reg te maak  | 1 |
| 3.14.2 | <p>Wilma het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky kans gegee om sy gemeenskapsdiens by die perdeskool te doen.</li> <li>• gestremde kinders met haar perde gehelp.</li> <li>• Binki op die plaas laat bly/Binki ondersteun.</li> <li>• die perde gebruik om ander mense te help.</li> <li>• geleer dat diere 'n mens beter kan laat voel.<br/>(<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>   | 1 |
| 3.15   | C/onverantwoordelik was  | 1 |
| 3.16   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• sy ma het hom anders geleer/het hom geleer om vir grootmense antie/tannie te sê.</li> <li>• sy is ouer as hy.</li> <li>• Lucky het omgee wat Wilma van hom dink.</li> <li>• Lucky het Wilma respekteer/Lucky se ma het hom respek geleer.<br/>(<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>  | 1 |
| 3.17.1 | D/Wilma het gebel sodat Lucky kon teruggaan stad toe.  | 1 |
| 3.17.2 | E/Lucky het besef dat diere met liefde en respek behandel moet word.   | 1 |
| 3.17.3 | B/Lucky het besef dat alle mense seerkry.  | 1 |
| 3.17.4 | A/Lucky het besef dat 'n mens uit jou foute kan leer.  | 1 |
| 3.18.1 | By die einde van   | 1 |
| 3.18.2 | <p>Aan die einde van die drama kom die leser agter ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• hoe die perde se krag die <b>karakters</b> gehelp het.</li> <li>• dat die <b>mense</b> en die perde in harmonie met mekaar was.</li> <li>• dat <b>Binki</b> nie meer skaam was vir haar letsels nie/bang was vir die perde nie.</li> <li>• dat <b>Lucky</b> nou respek vir die perde/ander mense gehad het.</li> <li>• dat die perde <b>Lucky/Binki</b> se lewe verander het.</li> <li>• dat <b>Lucky/Binki</b> goeie dinge van perde geleer het.<br/>(<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 3.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 3.18.2 te verdien. Die kandidaat kan ook net verwys na die impak wat die perde op een van die karakters gehad het. </i>)</li> </ul> | 1 |

|                       |   |                  |
|-----------------------|---|------------------|
| <p>3.19</p>           | <p>Ons leer Lucky ken deur dit wat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Wilma oor hom sê.</li> <li>• Lucky self dink/sê</li> <li>• Lucky self doen.</li> </ul> <p>Aanvaar ook as kandidaat <b>voorbeelde</b> van bg. gee/die "dit" omskryf, bv.:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Wilma (wat sy oor Lucky sê):</b> wat Lucky verkeerd gedoen het; die rede waarom hy op die plaas is; dat hy kru praat; dat hy nie luister nie.</li> <li>• <b>Lucky (wat hy sê):</b> hy is jammer oor wat hy gedoen het (soos hy vir Kaizer vertel het); toe Lucky vir Binki sy storie vertel het, leer 'n mens hom ken; die manier waarop hy praat, wys dat hy 'n tiener is/dat hy rebels/kwaad vir die lewe is; Lucky praat mooi van sy ma/hy het respek vir haar; Lucky noem Wilma tannie/sy ma het hom geleer om grootmense te respekteer.</li> <li>• <b>Lucky (wat hy doen):</b> dra 'n mus met 'n sokkerspan se logo/hy hou van sokker; Lucky spot Binki, maar hy voel sleg as hy besef hy maak haar seer; Lucky neem vir Kaizer water, (wat wys op die positiewe verandering).</li> </ul> <p><i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste twee antwoorde na, ongeag of die antwoorde in die eerste/tweede sin staan.)</i></p> | <p>2</p>         |
| <p>3.20</p>           | <p>Binki het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• besluit dat sy vir haar eie geluk verantwoordelik was/haarself moes aanvaar/lief wees vir haarself.</li> <li>• besef sy moet haar omstandighede aanvaar/nie meer so sensitief wees nie.</li> <li>• die waarde van vriende besef.</li> <li>• besluit om vir die wêreld te wys wie sy was/nie langer haar letsels weg te steek nie/nie meer skaam oor haar letsels gevoel nie.</li> <li>• haar vrees vir dinge/perde oorwin.</li> </ul> <p>Aanvaar ook as die kandidaat <b>voorbeelde</b> gee van <b>veranderings</b> wat <b>aan die einde van die drama</b> duidelik is, bv.:</p> <p>Binki het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• besluit om nie meer kwaad vir haar ma te wees nie/besef haar ma het nie tyd vir haar nie.</li> <li>• met Lucky oor die brand gepraat/hom van Dukie vertel.</li> <li>• vry gevoel.</li> <li>• nie meer omgee wat ander van haar letsels dink nie.</li> <li>• deur baie probleme gekom, maar nog steeds 'n mooi hart gehad.</li> <li>• vir haar ma "Ma" gesê.</li> <li>• vir Sabrina gesê dat sy verkeerd optree.</li> </ul> <p><i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>   | <p>2</p>         |
| <p><b>TOTAAL:</b></p> |   | <p><b>40</b></p> |